# 5 Reaksionêre optrede teen aparte onderwysvoorsiening

## 5.1 Inleiding

Die reaksionêre optrede teen aparte onderwysvoorsiening is 'n aanduiding van die trefkrag van die segregasiebeleid op die onderwys vir swart mense. Suid-Afrika het 'n lang geskiedenis van opstand teen die sogenaamde minderwaardige onderwys vir swart mense (Govender en Woker, 1984:238). Volgens Corke (1978:96) het die verskillende aparte onderwysstelsel 'n groot bydrae gelewer tot die algemene onderwyskrisis in Suid-Afrika. Reaksie teen aparte onderwysvoorsiening moet gesien word as deel van die breër stryd teen die apartheidstelsel (Govender en Woker, 1984:238).

## 5.2 1950-1955: die African National Congress

Die African National Congress (ANC) het die weerstand teen die implementering van Bantoe-onderwys geïnisieer (Mathonsi, 1988:12). Reeds in 1952-53 het die ANC 'n reeks passiewe weerstandbewegings georganiseer (Levin, 1980: 2-6). Aanvanklik het die ANC probeer om die ouers te mobiliseer vir sy stryd teen "Bantoe-onderwys" (Molteno, 1984:97).

'n Ouerkomitee het in 1952 'n boikot by die Orlando Hoërskool georganiseer nadat drie onderwysers wat die Eiselen-verslag gekritiseer het, afgedank is. Minder as een-derde van die leerlinge het in die twee maande die skool bygewoon (Mathonsi, 1988:12). Weerstand is verder op die Witwatersrand georganiseer en teen 21 April 1954 het ongeveer 10 000 kinders nie die skole bygewoon nie (Levin, 1980:26). Dr. Verwoerd het

7 000 leerlinge wat geweier het om terug te keer skool toe, geskors. Hulle is egter weer later toegelaat op die voorwaarde dat hulle nie weer aan 'n boikot sou deelneem nie (Mathonsi, 1988:12).

Die jonger ANC-lede het die skoleboikot van 12 April 1955 georganiseer (Horrell, 1968:6). 'n Onafhanklike primêre skool in Alexandria, Haile Selassie-skool, het 'n leidende rol in die 1955-boikot gespeel (Lodge, 1983:115).

As leerlinge nie skole bywoon nie, kan geen onderrig of leer plaasvind nie. Die reaksie op die apartheidsbeleid het dus 'n negatiewe invloed op onderwys vir swart mense. Dr. Verwoerd (1955:8) het die ANC se weerstand byskryf as 'n "negatiewe veldtog teen apartheid" omdat dit daartoe gelei het dat duisende Randse swart leerlinge hul opvoedingsgeleentheid verbeur het.

Die ANC het probeer om onafhanklike skole te stig, maar die skole is deur die polisie gedwarsboom omdat dit nie in ooreenstemming was met die Bantoe-onderwyswet nie. Die ANC het daarop gereageer deur 'n aantal kulturele klubs te stig, maar ook dit is onderdruk (Levin, 1980:26).

In Junie 1955 is die "Freedom Charter" te Kliptown aanvaar. Die tiende punt van die "Freedom Charter" eis dat die deure van onderwys en kultuur vir almal oopgemaak moet word. Onder die opskrif word dan vrye, verpligte, algemene en gelyke onderwys vir alle kinders geëis (Van der Walt <u>et al</u>., 1987:30). Ook Natal African Parents Association (NAPA) het in 1956 gesuggereer dat die instelling van moedertaalonderrig gerig was om die

swart mense anders te hou (Atkinson, 1978:229).

5.3 African Education Movement (AEM)

Ontevredenheid onder die studente en onderwysers met onderwys vir swartes het gedurende 1954-55 uitgeloop op die stigting van die AEM (Van der Walt et al., 1987:28). Ten spyte van die Regering se voordurende teistering het die AEM voortbestaan tot 1960. AEM-lede is verban die die AEM is gedwing om hom tot informele onderwys te wend omdat die Regering die monopolie oor formele onderwys gehad het (Levin, 1980:26). Die organisasie was nie finansiëel sterk genoeg om aan die behoeftes van duisende kinders te voldoen nie en ouers het ander uitweë begin soek (Lodge, 1983:125).

Die amptelike doelwitte van die AEM was drievoudig: die stigting van private skole, die verlenging van bystand aan kultuurklubs en 'n tuis-opvoedingsprogram (Lodge, 1983:129). In die praktyk het die kultuurklubs die meeste aandag geniet. Die AEM en die kultuurklubs was 'n dapper eksperiment, maar hul betekenis was meer simbolies want getalle het gedaal soos kinders weer teruggekeer het na regeringskole (Lodge, 1983:129). Hierdie organisasie was die eerste vorm van alternatiewe onderwys (Van der Walt et al., 1987:29).

5.4 1956-1975

Gedurende 1966 was daar op 2 Februarie verset teen die koshuisvader by Moroka; op 30 Junie verset teen die prefekte by St. Matthews; op 4 Julie aanhitsing by Lovedale en op 4 Augustus

onrus by twee swart staatskole (Hansard (V) 1967, kol.1703-1704).

Die National Union of South African Students (NUSAS) se ondersteuning was hoofsaaklik gekonsentreer in die vier Engelse universiteite; die Universiteit van die Witwatersrand, die Universiteit van Kaapstad, die Natalse Universiteit in Durban en Rhodes Universiteit in Grahamstown (Lodge, 1983:322). Die Studente- Verteenwoordigende Rade se pogings om by NUSAS te affilieer was een van die hoofredes waarom studente van Turfloop, Ngoye en Fort Hare tussen 1960 en 1967 met hulle beheerliggame gebots het (Lodge, 1983:322).

In 1968 het swart studente-organisasies weggebreek van NUSAS en onder leiding van Steve Biko die South African Students Organisation (SASO) gestig (Levin, 1980:28). Volgens Pyper (Hansard (V) 1972, kol.7056) is SASO 'n uitvloeisel van die Regering se beleid van afsonderlike ontwikkeling. SASO is as die aktiveerder van die onrus by die Universiteit van die Noorde gesien. SASO se doelwit is hoofsaaklik om onderdrukkende wetgewing uit die weg te ruim en om dit vir swart mense moontlik te maak om in 'n blanke gemeenskap opgeneem te word (Hansard (V) 1976, kol.5721-5722).

SASO is daarvan beskuldig dat hy swart leerlinge militant georiënteerd maak (Hansard (S) 1975, kol.4362). In 1972 het Tiro, 'n SVR-president van Turfloop, in 'n toespraak apartheid veroordeel. Hy is daarna ontslaan. Sy ontslag is gevolg deur die boikot van lesings waarop die universiteit gesluit is. Die

boikot het ook na ander swart kampusse versprei (Levin, 1980:29).

Die Black People's Convention (BPC) het ook in die vroeë 1970's op die voorgrond getree (Mathonsi, 1988:13). Hierdie organsiasie is in 1972 gestig deur SASO-leiers in samewerking met verskeie ander swart godsdienstige en onderwysliggame (Lodge, 1983:323).

In 1975 was daar geweldige propagandaveldtogte deur organisasies soos TEACH om skole te bou vir die swart kind (Hansard (S) 1975, kol.4342).

Volgens Davies (1984:365) was daar in die periode toenemende militantheid onder die leerlinge en het die ANC hierdie militantheid ondersteun.

5.5 Die 1976-opstande

Die toenemende weerstand onder swart ouers, onderwysers en leerlinge het gelei tot gewelddadige demonstrasies en het uitgeloop op studente-opstande in Soweto op 16 Junie 1976 wat vinnig oor die hele land versprei het (Atkinson, 1978:235). Volgens Erlman (1983:149-150) was die studente-opstande in 1976 die eerste ernstige uitdaging wat aan apartheid en "gutter-education" gestel is.

Gedurende die vroeë sewentigerjare was die sekondêre swart leerlinge nie onaktief nie en het hulle het 'n aantal studente-organisasies gevorm (Levin, 1980:29). Die belangrikste van die organisasies was die South African Student's Movement

(SASM) wat oorspronklik gevorm is as die "African Student Movement" in 1970. Dit is in 1972 geherorganiseer en sedertdien het die organisasie bekend gestaan as SASM (Levin, 1980:30). Volgens Truter (1981:277) het dit in 1976 eers duidelik geword hoe polities gelade onderwys vir swart mense werklik is. In Maart 1976 is Afrikaans as onderrigmedium ingestel by die Thomas Mofolo Secondary School in Soweto (Levin, 1980:30). Die Pan African Congress (PAC) het reeds in Mei 1976 met behulp van 'n tak van die Youth African Christian Movement begin organiseer aan 'n opstand deur leerlinge wat oor die hele land moes versprei (Truter, 1981:288).

SASM het gedurende 'n nasionale koferensie te Roodepoort in 1976 verklaar dat die skoolboikot teen die gebruik van Afrikaans 'n teken is van die verset teen aparte onderwys in Suid-Afrika (Truter, 1981:286). Op 13 Junie 1976, tydens 'n vergadering van SASM, is die Soweto Students Representative Council (SSRC) gestig en dit was die organisasie wat die demonstrasie van 16 Junie 1976 bepaal het (Lodge, 1987:328).

Volgens Kane-Berman (1981:109) het die SSRC studente gemobiliseer en tydens die tweede helfte van 1976 boikotte en veldtogte teen sjebeens georganiseer. Dit wil voorkom of die SSRC van klaskamers gebruik gemaak het om hul byeenkomste te reël. Volgens Atkinson (1978:235) was die gebruik van opvoedkundige instellings as 'n basis vir breër politieke agitasies tipies van die vroeë opstande.

Die studente-opstande teen Afrikaans as 'n onderrigmedium is

deur die polisie onderdruk en die onrus het verder versprei na Naledi High en Orlando West High School (Levin, 1980:30). Tydens die demonstrasies het die polisie volgens Boesak (1986:141), onskuldige en weerlose kinders geskiet.

Kort na die demonstrasies is die Black Parents Association (BPA) gevorm. Die SSRC het 'n vergadering byeengeroep en 'n oproep tot die terugkeer na klasse gedoen. Die Regering se reaksie was klopjagte op skole en die aanhouding van studente (Levin, 1980:31). Hierop is 'n wegbly-aksie vir 4 Augustus beplan. Nadat hulle op die Soweto-hoofweg voorgekeer is, is drie swart mense na bewering deur polisiemanne doodgeskiet. Dit het daartoe gelei dat die opstande landswyd afmetings begin aanneem het en skoolkinders het orals protes aangeteken (Lodge, 1983:329). "Although the educational system continued throughout the 1970's to be subject to resignation of the Urban Bantu Council, the insurrectionary flavour of the revolt had diminished" (Lodge, 1983:330).

Die National Union of South African Students (NUSAS) het 'n program bekend as "Education for an African Future" teen die einde van 1976 begin. NUSAS het verder 'n beroep gedoen op leerlinge om hulself te beskou as "white Africans and members of the Third World (INEG 5055, 22 November 1978:15).

Openlike verset teen afsonderlike ontwikkeling het ook in die geledere van kerkbesture toegeneem. In 1976 het die Rooms-Katolieke kerk, die Anglikaanse kerk en die Metodiste-kerk se besture hulle ten gunste van die oopstelling van skole vir kinders van alle rasse uitgespreek (Atkinson, 1978:235).

Die Departement van Bantoe-onderwys (Jaarverslag, 1976:2) wys op die nadelige invloed wat die 1976-onluste op die normale funksionering van die skole in onrusgebiede self, maar ook landwyd gehad het. Teen Oktober 1977 het 196 000 swart leerlinge van die skool weggebly (Davies, 1984:350-351).

As gevolg van die 1976-onluste was dit vir die Departement van Bantoe-onderwys (Jaarverslag, 1976:2) feitlik 'n onbegonne taak om eksamenreëlings te tref. Eksamens is eers in Febuarie 1977 afgehandel en daardeur is uitslae negatief beïnvloed en vertraag.

In 1977 het die Regering 19 organisasies verban, insluitende Eerwaarde Beyers Naude se Christian Institute (Boesak, 1986:141) Sedert die 1976-onluste is Suid-Afrika periodiek deur opstande, geweld en oproer geteister. Hierdie onluste het die gebrek aan onderwysfasiliteite vir swart mense verhoog. Volgens Van der Walt (1986:1) word daar volgens berekening ongeveer vyftien nuwe klaskamers per dag vir swart kinders benodig. Klaskamers is egter vernietig en beskadig teen 'n tempo van sestien per dag.

Die swart kinders wat tydens die 1976-onluste uit die land gevlug het, het 'n belangrike invloed op die militante ondergrondse opposisie teen die Suid-Afrikaanse regering gehad (Collins en Gillespie, 1984:626-627). Die kinders het na Zambië, Tanzanië, Mosambiek en Angola gevlug en die meeste van hulle het by die militêre vleuel van die ANC aangesluit (Dube, 1985:97).

Hierdie opstande teen Bantoe-onderwys het aanleiding gegee tot 'n reeks populêre gemeenskapsorganisasies en 'n meer ontwikkelde studente-organisasie op skool (Chisholm, 1986:15). Malan (1990:134) verwys onder andere na die organisasie "The South African Council for Higher Education" (SACHED) wat onder leiding van Neville Alexander hul besig gehou het met die "drawing up (of) alternative school syllabi, free of racist indoctrination and capitalist distortions of history".

5.6 1980-1984

Weerstand teen die Suid-Afrikaanse onderwysstrukture is na die 1976-opstande gewysig. Konkrete vrae na onderwyskundige alternatiewe het deel van die agenda geword (Chisholm, 1986:14). Vanuit die Azanian People's Organisation (ASAPO), het verskeie ander jeug- en studente-organisasies ontstaan, byvoorbeeld die Azanian Students Organisation (AZASO), Congress of South African Students (COSAS), AZASM, Port Elizabeth Students' Comittee (PESCO), Teachers' Action Comittee (TAC) en South African Youths Revolutionary Council (SAYRO) (Loots, 1985:275). Studenteweerstand is teen Mei 1979 weer onderleiding van COSAS geherorganiseer (Van der Walt et al., 1987:34).

Volgens Loots (1985:277) was AZAPO die direkte aktiveerder en spreekbuis van die studente wat die 1980-skoolboikotte begin het. COSAS het wegbeweeg van vroeëre studentepolitiek in die sin dat dit eerder 'n nie-rassige as 'n swart bewussyn-standpunt gehuldig het (Lodge, 1983:345). In 1980 is nog 'n nuwe

organisasie van stapel gestuur, naamlik die Azanian Students Organisation (AZASO) (Mathonsi 1988:13).

Die National Education Union of South Africa (NEUSA) is ook in 1980 gestig (INEG 1658, 21 Maart 1986:17). NEUSA het die RGN-verslag van 1981 verwerp en begin om onderwysers te organiseer rondom hulle werksomstandighede en die behoefte aan demokratiese onderwys in Suid-Afrika (Chisholm, 1983:368). COSAS, AZASO en NEUSA het gelyke onderwys vir almal geëis en toe daar nie op die oproep gereageer is nie, is die 1980-boikot beplan (Mathonsi, 1988:13). Op 16 April 1980 is 'n boikot teen rasgeoriënteerde onderwys begin. Die boikot het landwyd versprei, ook onder die Indiërs en Kleurlinge (Levin, 1980:36).

Teen die einde van April het die studente van Mamelodi ook aan die boikot begin deelneem en 1 500 leerlinge van vier skole is huis toe gestuur en nege is aangehou (Levin, 1980:36). Na beraming het ongeveer 80 000 leerlinge aan die boikot deelgeneem (Mathonsi, 1988:13). Nadat die Regering die boikot onderdruk het, het Studente-organisasies in skole en universiteite 'n laer profiel begin handhaaf en hulself besig gehou met plaaslike sake (Chisholm, 1986:15).

As gevolg van die sluiting van 80 skole deur die Regering in reaksie op die skoleboikot, het ongeveer 60 000 leerlinge teen Oktober 1980 doelloos deur die strate rondgedwaal (Davies, 1984:356). Hoofminister Mangusuthu Buthelezi, leier van die Suid-Afrikaanse Swart Alliansie, het in Junie 1980 'n beroep op studente gedoen om terug te keer na hulle skole. Hy het weer

eens beklemtoon dat die Alliansie die 1980-skole-onrus as 'n "regstreekse uitvloeisel van die apartheidbeleid en die gevolglike minderwaardige onderwys vir swartes" beskou (INEG 5296, 10 Junie 1980:5).

Len Smith, Direkteur van Stedelike Ontwikkeling in Kaapstad, het in 'n onderhoud met Friedman en Friedman (1983:33) die invloed van die boikot op onderwysers beklemtoon: "The students had so much control and power that they told the teachers what was going to happen every day." Aan die ander kant het die Regering die onderwysers beveel om in die klaskamers te wees, anders sal hul salarisse teruggehou word.

Sedert 1983 was daar hoofsaaklik drie hoofontwikkelings in terme van die studentebewegings. Studente het meer klem begin le op mag. Youth Congresses het ontstaan en daar was 'n groeiende samewerking tussen studente-, jeug-, demokratiese en arbeidsunie-bewegings (Chisholm, 1986:16).

In die vroeë 1980's het die ANC sy teenwoordigheid in Suid-Afrika herbevestig in die vorm van die United Democratic Front (UDF) (Malan, 1990:249). Die UDF en die National Forum is in 1983 georganiseer om die Regering se grondwetlike voorstelle wat slegs Kleurlinge en Indiërs ingesluit het, teen te staan (Chisholm, 1986:16). Jaffer, die interne organiseerder van die UDF, het dit duidelik gestel dat die organisasie aandring op 'n nuwe onderwysstelsel wat "dynamic, fair and just" sal wees (INEG 1691, 25 Maart 1986:10).

Boesak (1986:168) beskou die UDF as een van die grootste en beste samesmeltings van groepe en organisasies wat hul teen apartheid, rassisme en onreg in Suid-Afrika verset. Die UDF voer die stryd om die swart man se menslike waardigheid en die toekoms van sy kinders (Boesak, 1986:169).

Boesak (1986:170-172) noem vyf redes waarom die UDF nie die grondwetlike voorstelle van die regering in 1981 kon aanvaar nie:

* dit sluit steeds rassisme in,
* apartheidswetgewing bly onaangeraak en onveranderd,
* Die tuislandbeleid vorm die basis van die bedagte uitsluiting van 80% van die bevolking,
* onderdrukking sal bly voortbestaan en swart gesinne sal steeds opgebreek word, en
* die voorstelle maak die ou apartheidstelsel net meer elasties, maar maak geen voorsiening vir demokrasie nie.

Twintig Youth Congresses het in 1984 ontstaan (Chisholm, 1986:17). Tussen April en September 1984 het meer as 900 000 leerlinge aan skoolboikotte teen onderwys vir swart mense deelgeneem (Dube, 1985:97). Die boikotte in 1984 in Port Elizabeth is deur COSAS gereël met die versoek dat verteenwoordigende leerlingrade by skole ingestel moes word (Loots, 1985:284). COSAS het hom saam met ander organisasies beywer vir die opstelling van 'n "Education Charter" as 'n

dokument waarop die onderwys vir swart mense in die toekoms geskoei moes word (Mathonsi, 1988:13).

Whitehead (1984:6) het verskeie faktore geïdentifiseer wat volgens haar die 1984-skoolboikotte by Atteridgeville, Cradock, Vryheid en Soweto laat ontbrand het. Skoolboikotte word deur leerlinge beskou as enigste wapen teen:

* die hoë druipsyfer van matrieks,
* die beperkings wat die Departement van Onderwys en Opleiding ingestel het,
* die seksuele aanranding van skoolmeisies deur onderwysers,
* lyfstraf en
* die verbod op permanent gegolfde hare.

Rowley (1984:10) is van mening dat die feit dat die onrus in Atteridgeville voortgeduur het nadat die klagtes en griewe aangespreek is, 'n duidelike bewys is dat skoolsake nie die belangrikste motief vir die boikot was nie. Kaptein Buthelezi het op sy beurt die kinders gewaarsku om op die uitkyk te wees vir persone wat hulle net gebruik om hul eie politieke oogmerke te bereik (INEG 5296, 10 Junie 1980:5). Die beskuldiging dat die Regering ouderdomsbeperking net ingestel het as instrument om ontslae te raak van die leerlinge wat aktief aan die 1980-boikot deelgeneem het, is volgens Rowley (1984:10) nie 'n regverdigbare grief nie. Sy wys daarop dat soortgelyke ouderdomsbeperkings by die ander onderwysdepartemente bestaan.

Volgens Jaffer ('n woordvoerder van die UDF) (INEG 1691, 25 Maart 1986:10) het studente met die 1984-skoolboikotte getoon dat hul ernstig is om 'n nuwe onderwysstelsel te bou. Hulle beywer hulle vir 'n demokratiese stelsel waarin ouers, onderwysers en leerlinge deel sal hê in die inhoud en administrasie van onderwys.

Die 1984-skoolboikotte het ernstige ontwrigting van swart leerlinge se skoolonderwys en swak matriekuitslae tot gevolg gehad (Van der Walt et al., 1987:40). Malan (1990:258-259) wys byvoorbeeld op die verdeling van skoolkinders op grond van politieke voorkeur. Hy wys daarop dat skoolkinders in gebiede nommers 1 en 2 in Dhlamini verdeel het in twee groepe. Die Zim-Zim groep het Steve Biko en AZANIA aangehang terwyl die Warara groep die UDF en Mandela aangehang het. Skoolkinders met verskillende politieke oortuigings het hul klasmaats gedreig en selfs gewelddadig aangerand. As 'n kind dan in 'n skool was waar die meerderheid polities anders geïnspireer was as hulself, is hy gedwing om van die skool af weg te bly.

5.7 1985-1991

Hierdie periode val buite die raamwerk van die navorsing, maar ter wille van volledigheid word daar net kortliks daarna verwys. Onrus en skoolboikotte het na 1984 steeds voortgeduur. Teen 1985 het onderwys op die Witwatersrand en in Oos- en Wes-Kaapland feitlik tot stilstand gekom. Teen November was al die hoërskole in Soweto gesluit (Chisholm, 1986:14). Volgens Van der Walt et al. (1987:40) het sommige boikotte plaasgevind

uit protes teen "gutter education" en teen aanhouding van COSAS-leiers. Die boikotte in die Oos-Kaap het plaasgevind uit reaksie teen die Departement van Onderwys en Opleiding se sluiting van sommige skole. COSAS is in Augustus 1985 verban, maar skoolboikotte het steeds voortgeduur (Van der Walt et al., 1987:41).

Na die verbanning van COSAS is die Soweto Parents' Crisis Committee (SPCC) in Oktober 1985 gestig. Die SPCC sou hom beywer om die onderwysprobleme te behartig en op te los (Van der Walt et al., 1987:42).

In 1986 is 'n konferensie deur die SPCC, UDF en ander veelrassige onderwysorganisasies soos NEUSA gehou. Tydens hierdie konferensie is alternatiewe onderwys (People's Education) omskryf as onderwys wat

* die onderdruktes sal help om die euwels van die apartheidstelsel te verstaan en hul voor te berei vir 'n nie-rassige, demokratiese stelsel,

* kapitalistiese norme van kompetisie en individualisme sal uitskakel en kreatiewe deelname stimuleer.

* ongeletterdheid, diskriminasie en uitbuiting sal uitskakel,

* alle sektore van die "People" aktief betrokke by die stryd om 'n nie-rassige, demokratiese Suid-Afrika sal kry, en

* alle leerling-, ouer-, onderwyser- en gemeenskapsorganisasies sal motiveer om ywerig te werk aan die bevordering van en

aktiewe deelname aan hul onderwys (INEG 175, 30 Maart 1986:2).

Uit bogenoemde is dit dus duidelik dat die stryd teen apartheid ook op onderwysgebied voortgeduur het.

Die NECC het tydens 'n konferensie in Durban (Paasnaweek 1986) die leerlinge versoek om terug te keer na hul skole. Die optrede is tiperend van die stryd gedurende hierdie periode, naamlik die bevordering van 'n alternatiewe onderwysstelsel wat inhou:

* Gratis onderwys en boeke,
* die herbou van skole,
* die opheffing van die verbod op COSAS, en
* die skraping van afsonderlike onderwys vir swartes en die instelling van gratis, gelyke onderwys vir alle rassegroepe (INEG 1807, 31 Maart 1986:1).

Na die Durban-konferensie het sowat 80% van die leerlinge teruggekeer skool toe, maar die toestande was ver van rustig af. Skoolboikotte het na die Vrystaat uitgebrei en die Departement van Onderwys en Opleiding het agt skole in drie dorpe gesluit (Van der Walt _et al_., 1987:53).

Die 1986-eindeksamens is weer eens deur onrustoestande ontwrig (Van der Walt _et al_., 1987:59).

Die onrussituasie in swart skole duur steeds voor, maar daar het baie veranderinge ten opsigte van onderwys vir swart mense

vanaf 1990/91 plaasgevind. Daar is 'n begin gemaak om gesegregeerde onderwys uit die weg te ruim.

Aangesien die navorsing net tot 1984 gaan, val die periode 1985-1991 buite die navorsingsveld en word volstaan met bogenoemde.

5.8 Onderwysers se reaksies

Molteno (1984:96) verwys na onderwysersliggame wat weerstand teen swart onderwysers georganiseer het. Hulle was onder andere die: Cape African Teachers' Association (CATA), Teachers' League of South Africa (TLSA), Transvaal African Teachers' Association (TATA).

CATA, geaffilieer by die All African Convention (AAC) en die Non-European Unity Movement (NEUM), het 'n nasionale konferensie bele om die Bantoe-onderwyswet te bespreek. Die staat het hierop gereageer deur die erkenning van CATA terug te trek (Mathonsi, 1988:13).

Op 31 Junie 1957 het TATA en TATU saamgesmelt om TUATA te vorm. TUATA se hoofdoelwit is om die belange van swart onderwysers in die algemeen te bevorder (Pienaar, 1986:91).

Volgens Chisholm (1986:14) het onderwysers algaande meer aktief tot die stryd teen apartheid toegetree. "The African Teachers' Association of South Africa (ATASA), hitherto quiescent and moderate in its stance towards politicisation of schooling, has been forced to confront its isolation from the education struggle."

ATASA en die Transvaal United Teachers' Association (TUATA) het die RGN-verslag (1981) verwerp op grond van die feit dat dit steeds onderwys op rasse-basis gesegregeer het en steeds die Departement van Onderwys en Opleiding behou het (Davies, 1984:352).

TUATA, die Natal African Teachers' Union (NATU) die Cape African Teachers' Union (CATU), die Orange Free State African Teachers' Association (OFSATA) is by ATASA geaffilieer en van hul belangrikste doelwitte is die verbetering van swart onderwysers se opleiding en die motivering van onderwysers (Pienaar, 1986:97).

TUATA en ander onderwysorganisasies het 'n petisie opgestel vir meer skole, gratis onderwys en afskaffing van dubbelsessies (Pienaar, 1986:119-122).

In 1977 het nagenoeg 500 onderwysers bedank. Sommige groepe is van mening dat die grootskaalse bedanking die gevolg was van die ongesonde klimaat rondom onderwys vir swart mense.
Dr. F.E. Auerbach is egter van mening dat die onderwysers bedank het uit simpatie vir die kinders se eis dat onderwys vir swart mense geskrap moet word (INEG 5141, 11 November 1979:4).

NEUSA, wat in 1980 gestig is, het teen 1985 ook 3 000 onderwysers van die Oos-Kaap en plattelandse gebiede ingesluit (Chisholm, 1986:14). Die Oos-Kaapse onderwysersvereniging (ECTU) en die East London Progressive Teachers' Union (ELPTU) is van die aktiefste, progressiefste ondewysersorganisasies (Chisholm, 1986:15).

Die onderrig-leersituasie word deur die onderwysonrus versteur. So gaan sommige onderwysers byvoorbeeld gewapen skool toe omdat hulle dreigbriewe ontvang het en die onderwysers selfs met messe in hul klaskamer gedreig is (Loots, 1985:289).

Mevrou Pam van Dyk, verteenwoordiger van Education for an Aware South Africa (EDASA), het beklemtoon dat die organisasie hom beywer vir die oopstel van skole vir alle bevolkingsgroepe. Die organisasie beskou veral die Groepsgebiedewet as betekenisloos (INEG 1691, 25 Maart 1986:10).

Uit bogenoemde is dit duidelik dat onderwys vir swart mense onder baie stremminge en ongelukkighede gebuk gaan. As daar 'n vertrouensbreuk in die verhouding tussen onderwysers en leerlinge bestaan, kan dit net nadelig op onderrig inwerk.

In 1987 het verskeie onderwysersorganisasies in Johannesburg byeengekom en die United National Teachers' Union (UNTU) gevorm. UNTU se doelwit is om alle onderwysers te verenig. Organisasies wat reeds by UNTU aangesluit het, is die Democratic Teachers' Union (DETU), ELPTU, die organisasie Education for an Aware South Africa (EDASA), NEUSA, die Progressive Teachers' League en die Western Cape Teachers' Union (WECTU) (INEG 6154, 13 November 1987:8).

## 5.9 Samevatting

Uit hierdie gedeelte blyk dit dat reaksie teen die segregasiebeleid 'n indirekte invloed op onderwys vir swart

mense gehad het en steeds het. Onderwys word in menige gevalle misbruik om politieke oogmerke, soos die vernietiging van apartheid, te probeer bereik.